NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur 180 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG

1. Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en 'n bylaag (HTML-merkerlys en Toevoermaskerkarakterblad) van 2 bladsye (i–ii). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hernoem voor jy begin jou Datalêers-gids tot *jou* eksamennommer.
   Bv. 🗀 **Datalêers** word 🗀 **1234567890**.

3. Die eksamen bestaan uit 5 afdelings en 9 vrae. Al die vrae in al die afdelings moet beantwoord word. Volg die instruksies vir elke vraag noukeurig.

4. Jy moet 'n teksredigeerder vir die HTML-afdeling gebruik. Aanvaarbare toepassings is Notepad, Notepad++ of WordPad. Microsoft Word mag **NIE** vir HTML-kodering gebruik word nie.

5. Tensy ander instruksies gegee word gebruik funksies en/of formules om antwoorde te bereken.

6. Neem kennis van die puntetoekenning om te bepaal hoe kompleks die oplossing is wat verlang word en hoeveel tyd jy aan elke vraag moet bestee.

7. Stoor jou werk gereeld.

8. Maak seker jou *Developer*-oortjie is in Microsoft Word en Microsoft Excel geaktiveer.

9. Indien jy 'n formule/funksie nie korrek kan laat werk nie, maak die **Leerder_Skermgrepe**-dokument oop. Dui die vraagnommer aan, plak 'n skermgreep wat die kwessie toon en gee 'n kort verduideliking om gedeeltelik punte te verdien. Jy mag dit dan uit die sigblad- of databasisoplossing weglaat.

10. Skermgrepe moet toepaslik gesnoei word om slegs alle relevante inligting te vertoon.

11. Tensy ander instruksies gegee word alle woordverwerkingsdokumente soos volg opgestel word:

    - Meeteenhede – sentimeter (cm)
    - Taal – Engels (Suid-Afrika)
    - Bladsygrootte – A4
    - Kantlyne – 2.54 cm

N12COAT-1-A

IEB Copyright © 2025

12. Indien dit beskikbaar is jy mag die ongekoppelde (*offline*) hulpfunksie in elke toepassing gebruik.

13. Figure in die vraestel het 'n rand. Wanneer 'n figuur as deel van 'n vraag verskaf word, hoef jy nie die rand by te voeg nie, tensy jy gevra word om dit te doen.

14. Moenie enige lêers of gidse hernoem nie, tensy jy gevra word om dit te doen.

15. Moenie enige gidse of subgidse skep nie, tensy jy gevra word om dit te doen.

16. Moenie enige lêers of gidse skrap, skuif of dupliseer nie, tensy jy gevra word om dit te doen.

17. Stoor jou werk met gereelde tussenposes om dataverlies te voorkom. Jou onderwyser/toesighouer sal rugsteundatalêers aan jou beskikbaar stel indien nodig.

Die inhoud van jou Datalêers-gids en die subgidse vir die eksamen is soos volg:

<table>
<tr><th>Datalêers</th><th>V1 * Leeg</th><th>V2</th></tr>
<tr>
<td>V1
V2
V3
V4
V5
V6
V7
V8
V9
Leerder_Skermgrepe.docx</td>
<td>Rugsteun *
_V1_Antwoorde.docx
Logo.png
Margarien.jpg
ProdukAanbieding.pptx
Produkte.xlsx
Pryse.xlsx
Rys.jpeg
SonneblomOlie.png
Strepieskodes.csv
Welkom by Wholesale Bargain Store.docx
Werknemers.xlsx
WitSuiker.png</td>
<td>2SakePlan.docx
Logo.png
V3
3OmtrentWholesale.docx
Logo.png
ProdukAanbieding.pptx
V4
4VerskafferBrief.docx
V5
5VerskafferInfo.xlsx
Kruideniersware.jpg
V6
6Produkte.xlsx
V7
7GewildeHandelsmerke.xlsx</td>
</tr>
<tr><th>V8</th><th>V9</th><th>V9 beelde</th></tr>
<tr>
<td>8WholesaleData.accdb
Kruideniersware.jpg</td>
<td>beelde
9WholesaleHome.html</td>
<td>Kruideniersware.jpg
Logo.png
Olie.png
Suiker.png
Tee.jpeg</td>
</tr>
</table>

Kontroleer elke gids en maak seker dat elke lêer/dokument/gids toeganklik is.

IEB Copyright © 2025

Scenario

Die Wholesale Bargain Store

Die *Wholesale Bargain Store* verkoop huishoudelike produkte en kruideniersware. Produkte kan individueel of in groot maat gekoop word. Die *Wholesale Bargain Store* het gereeld baie spesiale promosie-aanbiedinge op items. Items wat te koop is, sluit bekende handelsmerke en die winkel se eksklusiewe handelsmerk, die *Wholesale Bargain Store,* in.

AFDELING A LÊER- EN GIDSBESTUUR

VRAAG 1

Maak die gids genaamd **V1** oop en werk slegs in hierdie gids.

Maak seker dat die aansig in die **File Explorer**-venster op die **Details**-uitlegaansig gestel is.

1.1 Sorteer die inhoud in stygende volgorde volgens lêertipe. Verskaf 'n skermgreep in die _**V1**_**Antwoorde.docx**-dokument. (3)

1.2 Beantwoord die volgende vrae deur jou antwoorde in die _**V1**_**Antwoorde.docx**-dokument in te voeg.

1.2.1 Bepaal die *bitdepth* van die PNG-lêer genaamd **Logo.png**. Tik jou antwoord in die _**V1**_**Antwoorde.docx**-dokument. (1)

1.2.2 Voeg die *Author*-eienskap by die ***Details***-aansig by en verskaf 'n skermgreep in die _**V1**_**Antwoorde.docx**-dokument. (1)

1.2.3 Neem 'n skermgreep van die *edition* van die bedryfstelsel wat op jou rekenaar geïnstalleer is en plaas dit in die _**V1**_**Antwoorde.docx**-dokument. (1)

1.2.4 Bepaal die grootte van die **Produkte.xlsx**-dokument op die skyf in KB. Tik jou antwoord in die _**V1**_**Antwoorde.docx**-dokument. (1)

1.3 Redigeer die eienskappe van die **ProdukAanbieding.pptx**-dokument sodat geen veranderinge in die lêer aangebring of daarheen gestoor kan word nie. (1)

1.4 Kopieer die **ProdukAanbieding.pptx**-lêer in die **Rugsteun**-gids. (1)

1.5 Skuif al die lêers met die .xlsx-lêeruitbreiding na die **Rugsteun**-gids. (2)

1.6 Pers die **Rugsteun**-gids saam en hernoem die saamgedrukte gids tot **Argief**. (2)

1.7 Stoor die lêer **Welkom by Wholesale Bargain Store.docx** as 'n PDF-dokument met dieselfde naam. (1)

1.8 Skep 'n kortpad na die woordverwerkingstoepassing op jou rekenaar. (2)

16 punte

IEB Copyright © 2025

AFDELING B WOORDVERWERKING

VRAAG 2

Maak die gids genaamd **V2** oop en werk slegs in hierdie gids.

Maak die dokument **2SakePlan.docx** oop en redigeer dit volgens die instruksies hieronder.

2.1 Voeg die ***ViewMaster***-dekblad in. (1)

Bladsy 2

2.2 Voeg die beeld **Logo.png** wat in die **V2**-gids aangetref word, aan die bokant van bladsy 2 in. (1)

2.2.1 Verseker dat die hoogte presies 5 cm en die breedte presies 6 cm is. (2)

2.2.2 Sentreer die beeld. (1)

2.3 Voeg 'n hanghoofletter in die kantlyn op die eerste letter van die eerste opskrif "Executive Summary" in wat oor twee reëls strek. (2)

Bladsy 3

2.4 Formateer die teks van "retail sales…" tot "…workshops" onder die opskrif "Financial Plan" op bladsy 3 tot 'n genommerde lys en verseker dat die genommerde lys linksbelyn is op 0 cm. Sien *Figuur 1* hieronder as voorbeeld. (2)

Our financial projections indicate steady revenue growth over the first three years of operation, driven by increasing customer traffic and expanding product offerings. We anticipate initial startup costs to be covered by a combination of personal investment and bank financing. Revenue streams will primarily come from:

1. retail sales
2. supplemented by potential revenue from online sales
3. ancillary services such as product demonstrations or workshops

We aim to achieve profitability by the end of the second year and to maintain healthy profit margins thereafter.

Figuur 1

Bladsy 4


2.5 Gebruik 'n eienskap in Microsoft Word om te verseker dat die paragrawe onder die opskrif "Conclusion" nooit oor twee bladsye verdeel sal word nie. (2)

IEB Copyright © 2025

2.6 Formateer die *SmartArt*-diagram soos volg:

2.6.1 Verander die kleure na enige kleurvolle opsie van jou keuse. (1)

2.6.2 Voeg die teks "Best Service" as die finale blokkie by die *SmartArt*-diagram by. Sien *Figuur 2* hieronder as voorbeeld. (1)



Figuur 2

2.7 Pas die styl *Intense Quote* op die teks "The End" in die dokument toe. (1)

2.8 Voeg die lêerpad as 'n veld in die voetskrif by. (1)

Stoor en maak die dokument toe.

[15]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 3

Maak die gids genaamd **V3** oop en werk slegs in hierdie gids.

Maak die dokument **3OmtrentWholesale.docx** oop en redigeer dit volgens die instruksies hieronder.

3.1 Verander die bladsy-oriëntasie na portret. (1)

Bladsy 1

3.2 Verander die titel aan die bokant van die bladsy se font na Tahoma, 33 pt. (2)

3.3 Verander die beeld se posisie sodat dit in die middel van die bladsy gesentreer is. (1)

3.4 Voeg die byskrif "Figure 1 – Logo" by die beeld by. (1)

Bladsy 2

3.5 Voeg die lêer **ProdukAanbieding.pptx** uit die **V3**-gids onder die opskrif "Our Products" in. Die aanbieding moet as 'n ikoon vertoon. Verseker dat die lêer met die oorspronklike lêer geskakel is. (3)

Bladsy 3


3.6 Maak die spelfout op bladsy 3 reg. (1)

3.7 Redigeer die teks onder die opskrif "Contact Information" met die volgende **tabelstoppe** en verseker dat jou teks korrek vertoon. Sien *Figuur 3* hieronder as voorbeeld.

3.7.1 Linkertabelstop by 6 cm. (1)

3.7.2 Regtertabelstop by 15 cm. (2)

3.7.3 Verseker dat die tabelstoppe op die teks toegepas is en dat dit dieselfde vertoon as in Figuur 3 hieronder. (1)



Figuur 3

Bladsy 4

3.8 Skakel die voetnota aan die einde van hierdie bladsy in 'n eindnota om. Verseker dat die letter A as die nommerformaat vir die eindnota gebruik word. (2)

Stoor en maak die dokument toe.

[15]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 4

Maak die gids genaamd **V4** oop en werk slegs in hierdie gids.

Maak die dokument **4VerskafferBrief.docx** oop en redigeer dit volgens die instruksies hieronder.

4.1 Verander die bladsykantlyne na *Narrow*. (1)

4.2 Verander die bladsykleur na enige skakering van oranje vir die hele dokument. (1)

4.3 Voeg outomatiese bladsynommers aan die onderkant van die bladsy in die middel van die voetskrif by in die formaat "Page X of Y". (3)

4.4 Verander die paragraafspasiëring na 6 pt daarna vir die hele dokument. (1)

Bladsy 1

4.5 Plaas die teks hieronder wat aan die bokant van die dokument vertoon word in 'n teksblokkie. (1)
Sien Figuur 4 hieronder as voorbeeld.

David Malcolm	1 Waterval Crescent, Sandton, 2191
Founder	wholesale@bargainstore.co.za
Wholesale Bargain Store	011 656 7000

Figuur 4

4.6 Voeg die datum in die formaat 23 April 2024 as 'n veld by die plekhouer "Date" aan die begin van die dokument in en verseker dat hierdie veld outomaties bygewerk word. (2)

4.7 Formateer die teks van die vier paragrawe wat met "I hope this letter …" begin en met "… for our mutual success" eindig in kolomme:

4.7.1 Verseker dat al die teks in twee kolomme geplaas word. (1)

4.7.2 Verseker dat daar 'n lyn tussen die kolomme is. (1)

4.7.3 Gebruik 'n woordverwerkingseienskap en verseker dat die paragraaf wat met "At Wholesale Bargain Store …" begin na die bokant van die tweede kolom skuif. (1)

IEB Copyright © 2025

4.8 Skakel die teks onder "Here is a summary of products sold between 2023 and 2024:" in 'n tabel om en verseker dat die tabel outomaties by die inhoud aanpas. Sien *Figuur 5* hieronder as voorbeeld. (2)

	2023	2024
Sales Normal Price	58 050 641	58 724 025
Sales on Promo Price	69 437 291	69 124 258

Figuur 5

4.9 Plaas 'n rooi 3 pt-paragraafrand om die paragraaf wat met "Thank you" begin en met "… our customers" eindig. (2)

4.10 Redigeer die inhoudbeheer wat vir verskaffers gebruik word om hul inligting aan die onderkant van die bladsy soos volg in te vul:

4.10.1 Voeg 'n teksvormveld langs die "Supplier Name" in. (1)

4.10.2 Verander die "Supplier Code"-teksvormveldlengte na 5. (1)

4.10.3 Verander die merkblokkievormveld langs "Interested" sodat dit by verstek gemerk is. (1)

4.10.4 Verseker dat die lysitem "Product" eerste op die aftuimellysvormveld langs "Product or Service" verskyn. (1)

Stoor en maak die dokument toe.

[20]

50 punte

IEB Copyright © 2025

AFDELING C SIGBLAAIE

VRAAG 5

Maak die gids genaamd **V5** oop en werk slegs in hierdie gids.

Maak die werkboek **5VerskafferInfo.xlsx** oop en redigeer dit volgens die instruksies hieronder.

Werk in die *Verskaffers*-werkblad.

5.1 Voeg die inhoud in die selbestek **A1:E1** saam en sentreer dit. (1)

5.2 Plaas 'n dik buiterand om sel **A1**. (1)

5.3 Vries die boonste twee rye van die werkblad. (1)

5.4 Gebruik 'n sigbladeienskap om die duplikate in *VerskafferNaam* en *ProdukKategorie* te verwyder. (2)

5.5 Gebruik 'n sigbladeienskap om 'n nommer in **kolom A** aan elke verskaffer toe te ken. (1)

5.6 Skep 'n unieke *VerskafferKode* vir elke verskaffer in **kolom B** wat uit die eerste vier letters van die *VerskafferNaam* en die *VerskafferNommer* bestaan.

Voorbeeld van 'n unieke Verskafferkode: ABCD1 (4)

5.7 Gebruik 'n toepaslike funksie in **kolomn E** om te bepaal of 'n verskaffer tans deel is van die Wholesale Bargain Store. Kontroleer in die *HuidigeVerskaffers*-werkblad of "Yes" of "No" langs die "VerskafferNaam" aangedui word. Vertoon "Yes" of "No" langs die verskaffer op grond van die inligting in die *HuidigeVerskaffers*-werkblad. Indien 'n verskaffer nie op die lys is nie, moet dit die teks "Not found" vertoon. (5)

5.8 Gebruik 'n toepaslike funksie in sel **H3** om te bepaal hoeveel verskaffers deel van die Wholesale Bargain Store is. (3)

5.9 Gebruik 'n toepaslike funksie in sel **K2** om die getal verskaffers te bepaal. (2)

Werk in die *WholesaleProdukte*-werkblad.


5.10 Skep 'n 3D gegroepeerde staafgrafiek deur die data in die selbestek **A2:B16** te gebruik. Sien *Figuur 6* op die volgende bladsy as voorbeeld. (1)

5.11 Verseker dat die titel van die grafiek "Produkte" lui. (1)

5.12 Voeg die titel "Prys" vir die horisontale as by. (1)

5.13 Voeg die prent **Kruideniersware.jpg** uit die **V5**-gids as die grafiek se agtergrond in en verander die deursigtigheid na 70%. (3)

IEB Copyright © 2025



Figuur 6

Stoor en maak die werkboek toe.

[26]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 6

Maak die gids genaamd **V6** oop en werk slegs in hierdie gids.

Maak die werkboek **6Produkte.xlsx** oop en redigeer dit volgens die instruksies hieronder.

Werk in die *Produkte*-werkblad.

6.1 Indien 'n produk se "Verkope op Niepromosie" meer is as sy "Verkope op Promosie" moet die teks "Meer" in **kolom H** vertoon word. Indien die "Verkope op Niepromosie" nie meer is nie, moet die teks "Minder" in **kolom H** vertoon word. Gebruik 'n funksie in sel **H2** om die korrekte teks vir hierdie produk te vertoon. (4)

6.2 Bereken die totale bedrag van verkope in sel **I2** deur die data in **kolom D**, "Promosieprys", en **kolom F**, "Verkope op Promosie", te gebruik. Die antwoord moet die totale bedrag vir die getal produkte wat teen die promosieprys verkoop is, verteenwoordig. (2)

6.3 Bereken die totale bedrag verkope vir al die niepromosieprodukte in sel **J267**. Verseker dat hierdie waarde tot 'n heelgetal sonder enige desimale afgerond word. (4)

6.4 Bepaal die tweede goedkoopste produk se prys in sel **E271** wanneer dit nie op promosie is nie deur die "Niepromosieprys"-data in **kolom E** te gebruik. (3)

6.5 Bepaal die totale bedrag produkverkope van meer as 100 000 verkope op die "Niepromosieprys" in sel **E272** deur die data in **kolom G**, "Verkope op Niepromosie", en die data in **kolom J**, "Totale Bedrag op Niepromosie", te gebruik. (4)

6.6 Stel die drukgebied op **A1:J266** en verseker dat die eerste ry se opskrifte op alle bladsye herhaal sal word wanneer dit gedruk word. (2)

Stoor en maak die werkboek toe.

[19]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 7

Maak die gids genaamd **V7** oop en werk slegs in hierdie gids.
Maak die werkboek **7GewildeHandelsmerke.xlsx** oop en redigeer dit volgens die instruksies hieronder.

Werk in die *Spiltabel*-werkblad.

7.1 Skep 'n spiltabel deur die data uit die ***Data***-werkblad te gebruik. Die tabel moet die totale bedrag verkope op promosie en die totale bedrag verkope nie op promosie nie vir elke handelsmerk en sy produkte vertoon. Sien *Figuur 7* hieronder as voorbeeld.

Row Labels	Sum of Verkope op Promosie	Sum of Verkope op Niepromosie
ACE	**18251**	**14819**
ACE MAIZE RICE 2.5 kg	4738	2063
ACE MAIZE SAMP 2.5 kg	13513	12756
BARTLET	**308080**	**152479**
BARTLET EGGS LARGE 0 30s	308080	152479
BLUE RIBBON	**98876**	**33330**
BLUE RIBBON PREMIER CLASSIC BROWN 700 g	98876	33330
BOKOMO	**5627**	**2578**
BOKOMO OATS MORNING 1 kg	5627	2578
BULL BRAND	**138187**	**147342**
BULL BRAND CORNED MEAT CHAKALAKA 300 g	5021	1052
BULL BRAND CORNED MEAT CHILLI 300 g	8135	624
BULL BRAND CORNED MEAT REG 300 g	125031	145666
CREMORA	**531865**	**203597**
CREMORA CREAMER BOX 800 g	531865	203597
EXCELLA	**14599**	**30239**
EXCELLA OIL SUNFLOWER 750 ml	14599	30239
F&M	**25610**	**40932**
F&M PASTA MACARONI 1 kg	9757	13771
F&M PASTA SPAGHETTI 1 kg	15853	27161
FRISCO	**13629**	**5257**
FRISCO COFFEE INSTANT GRANULES 250 g	13629	5257
GLEN	**58182**	**48648**
GLEN ROOIBOS TBAG TAGLESS 80s	58182	48648

Figuur 7

Stoor en maak die werkboek toe.

[5]

50 punte

IEB Copyright © 2025

AFDELING D DATABASIS

VRAAG 8

Maak die gids genaamd **V8** oop en werk slegs in hierdie gids. Onthou om elke navraag, vorm en verslag te stoor voordat jy dit toemaak.

Maak die databasislêer **8WholesaleData.accdb** oop.

Tabelle

Werk in *tbl_Verskaffers.*

8.1 Verseker dat die inhoud in die velde *VerskafferNaam* en *ProdukKategorie* heeltemal sigbaar is in databladaansig. (1)

8.2 Verstel die veldeienskappe van die volgende velde:

	Veldnaam	**Eienskappe**	
8.2.1	VerskafferKode	• Data wat ingetik word, moet in die volgende formaat wees: o Alles hoofletters. o Vier letters verpligtend. o Een syfer verpligtend. o Drie syfers opsioneel.	(4)
8.2.2	VerskafferNaam	• Data moet in hierdie veld ingetik word.	(1)
8.2.3	ProdukKategorie	• Datatipe moet verander word om meer as 255 karakters te aanvaar.	(1)
8.2.4	DeelVanWholesale	• Moet die waardes "Yes" en "No" hê. • Moet as 'n kombinasieblokkie vertoon. • Maak seker dat slegs "Yes" en "No" ingetik kan word.	(3)
8.2.5	DatumAangesluit	• Die datum aangesluit kan slegs van 1 Januarie 2007 tot 31 Desember 2023 wees. • Verskaf 'n geskikte boodskap indien 'n verkeerde datum ingetik word.	(3)

Stoor en maak tbl_Verskaffers toe.

IEB Copyright © 2025

Vorms

8.3 Skep 'n vorm deur *tbl_Verskaffers* te gebruik en stoor die vorm as *frm_Verskaffers.* Dit moet alle velde behalwe die *DatumAangesluit*-veld bevat. (2)

8.4 Redigeer die vorm *frm_ProdukVaslegging* volgens die volgende instruksies. Sien *Figuur 7* hieronder as voorbeeld:

8.4.1 Skrap die opskrif in die ***Form Header***. (1)

8.4.2 Skuif die *ProdukHandelsmerk*-teksblokkie en etiket na die ***Form Header***. (1)

8.4.3 Voeg die beeld *Kruideniersware.jpg* as 'n agtergrondbeeld in die ***Details***-afdeling in om ooreen te stem met *Figuur 8* hieronder. (1)

8.4.4 Verander die kleur van die ***Details***-afdeling na oranje. (1)

8.4.5 Voeg 'n knoppie in die ***Form Header*** in wat na die volgende rekord navigeer wanneer jy daarop klik. Die knoppie moet die teks "Next Record" bevat. (3)



Figuur 8

Stoor en maak frm_ProdukVaslegging toe.

IEB Copyright © 2025

Verslae

8.5 Skep 'n verslag genaamd *rpt_TopHandelsmerke* deur *tbl_GewildeHandelsmerke* te gebruik. (1)

8.5.1 Gebruik die velde *ProdukHandelsmerk*, *ProdukBeskrywing*, *VerkopeOpPromosie* en *VerkopeOpNiePromosie*. (1)

8.5.2 Groepeer die verslag volgens die *ProdukHandelsmerk*-veld. (1)

8.5.3 Sorteer die verslag in stygende volgorde volgens die *ProdukBeskrywing*-veld. (1)

8.5.4 Verander die verslag se opskrif na "Tophandelsmerke by Wholesale". (1)

8.5.5 Voeg 'n berekening in die verslag se voetskrif by om die getal produkte in die verslag te bepaal. Verseker dat die etiket beskrywend is. (3)

Stoor en maak rpt_TopHandelsmerke toe.

Navrae

8.6 Skep 'n navraag genaamd *qry1_Produkte* deur *tbl_Produkte* te gebruik. (1)

8.6.1 Vertoon *ProdukHandelsmerk*, *ProdukBeskrywing*, *PromoPrys* en *NiePromoPrys*. (1)

8.6.2 Sorteer die navraag in stygende volgorde volgens *ProdukHandelsmerk*. (1)

Stoor en maak qry1_Produkte toe.

8.7 Maak die navraag *qry2_VerskaffersM* oop.

Vertoon alle verskaffers wie se name met die letter "M" begin wat ook deel van Wholesale is. (4)

Stoor en maak qry2_VerskaffersM toe.

8.8 Maak die navraag *qry3_TotalePromo* oop.

Skep 'n nuwe veld wat die totale bedrag verkope vir elke produk volgens die PromoPrys bereken. Verseker dat hierdie veld as geldeenheid vertoon. (3)

Stoor en maak die databasis toe.

40 punte

IEB Copyright © 2025

AFDELING E HTML

VRAAG 9

Maak die gids genaamd **V9** oop en werk slegs in hierdie gids.

Maak die webbladsy **9WholesaleHome.html** oop deur jou gekose teksredigeerder te gebruik.

9.1 Verander die kleur van die hele webbladsy na **#CCFFFF**. (2)

9.2 Justeer die hoofopskrif om in die middel van die webbladsy te verskyn. (1)

9.3 Formateer die teks "About Us" om as 'n subopskrif van die hoofopskrif te vertoon. (1)

9.4 Formateer die teks onder die opskrif "Featured Products" om as 'n kollys te vertoon. (3)

9.5 Indien die beeld **Kruideniersware** nie vertoon nie, moet die teks "Groceries in a Basket" in plaas daarvan vertoon word. (2)

9.6 Voeg kenmerke by die tabelmerker by om te verseker dat die tabelrand sigbaar is en dat daar geen spasies tussen selle is nie. (4)

9.7 Verseker dat die tabelopskrif "Best Sellers" oor die hele tabel strek. (2)

9.8 Voeg die beeld "**Olie.png**" in die korrekte sel in sonder om die beeld uit die **beelde**-gids te kopieer of te skuif. (3)

9.9 Verstel die beeld se breedte en hoogte tot 200 beeldelemente. (2)

9.10 Voeg 'n rooi streep met 'n grootte van 5 px onder die tabel en bokant die teks "© 2007 Wholesale Bargain Store. All rights reserved." in. (4)

Sien *Figuur 9* op die volgende bladsy as voorbeeld van hoe die finale webbladsy moet vertoon sonder die rand.

IEB Copyright © 2025



Figuur 9

Stoor en maak die webbladsy toe.

24 punte

Totaal: 180 punte

IEB Copyright © 2025